# DIE

# WEDERKOMS VAN

# CHRISTUS

## Sy verskillende komste
## En die gebeure daaraan verbonde

**'n Bybelse Uiteensetting**

**deur Sendeling Ewald Frank**

© deur die outeur en uitgewer E. Frank
********
Eerste uitgawe (Duits) - 20.000
(Desember, 1988)

## Voorwoord

Ek het besluit om hierdie kort uiteensetting te skryf om aan vele ‘n beter insig te gee oor hierdie gewigtige maar tog belangrike onderwerp oor die wederkoms van onse HERE.

Sekere sub-onderwerpe het ek bewustelik net aangeraak omdat volumes nie genoegsaam sal wees om ‘n volledige voorlegging te doen oor hierdie dringende saak nie. Tog word daar na meer as 200 Bybel tekste verwys, wat die leser die geleentheid gee om die Skrifte te ondersoek “*of hierdie dinge so was*” (Hand. 17:11).

Terwyl ek geskryf het, het twee dinge my in die besonder getref en my met dank gevul: in die eerste plek was dit die groot voorreg en seën om in diepte te kon kyk na die verlossings plan. Tweedens, is die feit dat ek nie aan enige denominasie verbind is nie en dus net eenvoudig die onvervalste waarheid van God se Woord waaragtig in die regte aansluitings kan verklaar.

In die lig daarvan, dat God my die genade gegee het om deur te dring tot in Sy gedagtes en Sy groot plan vir die mensdom, kan ek getuig saam met die psalmis Dawid: *"U verhef u woord bo u ganse naam"* (Ps. 138:2); en met apostel Paulus: *"O, die diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!"* (Rom. 11:33). Een van die groot manne van God wat ná die tyd van die apostels gebruik was, Ireneus, het gesê: "God wys Sy groot argitektoniese verlossingsplan aan dié wat Hom behaag". Een gesangdigter het dit so gestel: "Laat my stil wees, HERE, is my gebed, so stil dat ek die wonders in U Woord kan sien”. Dit is weggesteek vir die wyses en geleerdes van hierdie wêreld en geopenbaar aan diegene wat gewilliglik die Gees van God ontvang en kinderlik daarin glo.

Hiermee dan wens ek alle lesers God se rykste seën hartlik toe en ‘n gerusstellende verdieping in die heerlike Woord van God; ook dat elkeen gelei sal word deur die Heilige Gees in die ondeurgrondlike rykdom van Sy geopenbaarde Woord.

God seën Sy geseënde Woord aan al Sy geseëndes.

Krefeld, Duitsland. Desember 1988 Die Redakteur

## DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS,
## Sy verskillende komste
## en die gebeure daaraan verbonde

Soos met alle Bybel temas, vind ons die gedeeltes oor die wederkoms van Christus en oor Sy verskeie ander komste, oral verspreid in die Bybel. Hierdie Skrifte moet behoorlik saamgestel en geplaas word waar hulle regmatig behoort. Daar is inderdaad verskeie komste, maar slegs een **wederkoms** van Christus, wanneer Hy, die Hemelse Bruidegom, die aardse Bruid ontmoet in die lug (I Thes. 4: 13-18) en haar huis toe neem na die bruilofsmaal (Openb. 19: 1-10). Hy het belowe: *"…En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na my toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."* (Joh. 14:3)

Die wederkoms van Christus word nie gemeld in die sogenaamde "Apostoliese Geloofsbelydenis" nie. Van dié Belydenis het die vroeë apostels natuurlik geen kennis gedra nie, aangesien dit eers in die 4de eeu ná Christus geformuleer was. Die wegneem van die ware gelowiges, oftewel die "wegraping", soos dit ook genoem word, die grootste gebeurtenis aan die einde van die tyd van genade, word nie eens genoem in daardie Belydenis nie. Dit sê net, "...vanwaar Hy sal kom om te oordeel, die lewende en die dode". Hierdie oordeel, ook bekend as die "Laaste Oordeel", sal slegs plaasvind ná die Duisend Jaar Heerskappy, wat ook na verwys word as die Duisendjarige Vrederyk of Millennium (Openb. 20: 1a, 11-15).

Die verkeerde leringe oor hierdie tema, onder andere, het reeds ingesluip in die eerste eeue ná Christus wat tot vandag nog in die kerke verkondig word – dalk net in effens gewysigde vorms. Augustinus (354-430 n.Chr.) wat baie hoog aangeskryf word deur sommige kerk historici, het geleer dat die nuwe geboorte die eerste opstanding is. Maar Paulus, wat deur Augustinus hoog geag was, en elke geesgevulde apostel daarna het, as wedergeborenes, uitgereik om die "eerste-opstanding" by die wederkoms van Christus, hul hoë doel te maak (Fili. 3: 10-11). Volgens Augustinus was Satan al reeds gebind en het hy die kerk gesien as die Vrederyk, met die verenigde mag van die staat en die kerk as die teokrasie, oftewel die "Gods-regering".

Ons sal ons weerhou van alle mens-gemaakte tesisse en antitessise wat kampvegters deur die loop van die kerkgeskiedenis aangebied het. Dit omdat nie een van die apostels volledig, van begin tot einde, oor die onderwerp van die wederkoms van Christus en die ander komste gehandel het nie. Ons vind egter baie skrifte verspreid in die Bybel en hulle moet korrek geplaas word sodat ons kan bly by die Bybelse standpunt. Gelowiges in die vroeë Christendom het die voorreg gehad om die oorspronklike preke oor hierdie onderwerp, direk uit die monde

van die geroepenes te hoor. Paulus het byvoorbeeld, soos hy self getuig, die hele raad van God verkondig (Hand. 20:27). Dit is duidelik dat die apostels, in hulle briewe aan die kerke, veronderstel het dat hierdie dinge reeds bekend was. Hulle het hulle eenvoudig net kortliks herinner aan wat hulle voorheen geleer het in die verskillende gemeentes. Om 'n geheel-beeld te bekom moet ons in die breë kyk na al die profesieë en dit regmatig saamsnoer.

Vanaf die Evangelie van Matthéüs reg tot op die einde van die boek Openbaring vind ons verwysings na die verskillende komste van die HERE en van Sy wederkoms. Omdat hierdie verwysings nie in 'n chronologiese volgorde verskyn nie is dit nodig om noukeurig te kyk by elke verwysing, van watter koms daar gepraat word.

Om te sien hoe belangrik dit is om dit wat ons lees werklik te verstaan, sal ons twee Bybel tekste nader bekyk. Die twee tekste klink baie dieselfde, maar dit beskrywe twee heeltemal verskillende gebeurtenisse. In Matthéüs 25:1-10 word ons vertel van mense wat gereed sal wees wanneer die bruidegom kom en wie dan saam met Hom ***ingaan na die Bruilof*** (v.10). In Lukas 12: 35-40 lees ons van mense wat wag vir die HERE, wanneer Hy ***vanaf die Bruilof terugkom*** (v.36). Tussen hierdie twee gebeurtenisse is 'n tydperk van jare, en word daar van twee verskillende komste en twee verskillende groepe gepraat. In beide gevalle word soortgelyke of selfs dieselfde woorde gebruik soos “Bruilof", "lampe" en om te "waak".

Met elke koms van die HERE is daar verskeie gebeurtenisse aan gekoppel. Dink maar net aan die meer as 'n honderd profesieë wat vervul was by die eerste koms van Christus. Wat die Nuwe Testament Kerk aanbetref, ervaar sy drie komste: Die eerste keer het die HERE gekom as Verlosser, om Sy eie te verlos. Die tweede keer is Sy beloofde wederkoms, om Sy verlostes huis toe te neem. Ten slotte kom Hy met Sy verlostes (Openb. 19: 11-16), om af te reken met al die magte van die vyand, waarna Hy die Duisendjarige Vrederyk oprig hier op die aarde (Openb. 20).

Ons sal hoofsaaklik die wederkoms van Christus behandel en die wegneem van die Bruid-kerk by dié koms, waarna elke gelowige reikhalsend verlang sedert Sy hemelvaart. Vóór Sy hemelvaart het die HERE self gesê: *"Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, **kom Ek weer** en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."* (Joh. 14:2-3).

In Matthéüs 24 wys die dissipels hul HERE en meester die pragtige tempel en was beslis baie verbaas vir Sy antwoord daarop: *"Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een steen gelaat word op die ander, wat nie afgebreek sal word nie"* (Matt. 24:2).

Na dit het hulle Hom drie vrae gevra:

1) *"Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees?"*

2) *"en wat sal **die teken van u koms** wees?"*

3) *"en van die voleindiging van die wêreld?"*

Diegene wat die hoofstuk noukeurig lees sal oplet dat Jesus al drie vrae beantwoord. Met verwysing na sy tweede koms het Hy gesê: *"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan, en tot in die weste skyn, so sal ook **die koms** van die Seun van die mens wees"* (Matt. 24:27).

Verdere verwysings: *"Net soos die dae van Noag was, so sal ook **die koms** van die Seun van die mens wees"* (Matt. 24:37).

*"...En nie verstaan het totdat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook **die koms** van die Seun van die mens wees"* (Matt. 24:39).

*"Waak dan; omdat julle nie weet watter uur julle HERE **kom** nie"* (Matt. 24:42).

*"Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens **kom** in so 'n uur dat julle dit nie verwag nie"* (Matt. 24:44).

*"En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom **gekom**, en hulle wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof en die deure was gesluit"* (Matt. 25:10).

*"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan"* (Luk. 21:36).

In die vroeë christelike era was daar 'n lewende hoop en verwagting van die wederkoms van Jesus Christus in die harte van die gelowiges. Baie Bybel tekste getuig van hierdie hoop, waaronder die volgende:

*"...en tye van verkwikking sal kom van die aangesig van die HERE, en hy Jesus Christus **stuur**, wat voorheen aan julle verkondig is..."* (Hand. 3: 19b-20)

*"Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die HERE se dood totdat Hy* ***kom"*** (I Kor. 11:26).

*"…en hoe julle jul bekeer het van die afgode tot God, om die lewende en waaragtige God te dien, en sy Seun* ***uit die hemele te verwag****, wat hy uit die dode opgewek het, Jesus,* ***wat ons van die toekomstige toorn verlos"*** (I Thes. 1: 9b-10).

*"Want wie anders is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse HERE Jesus Christus by sy* ***wederkoms****?"* (I Thes. 2:19).

*"Want die HERE self sal van die hemel* ***neerdaal*** *met 'n geroep, met die stem van die aartsengel en met die geklank van die basuin van God"* (I Thes. 4:16).

*"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en ek bid God dat julle hele gees en siel en liggaam onberispelik bewaar word tot die* ***wederkoms*** *van ons HERE Jesus Christus"* (I Thes. 5:23).

*"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die* ***wederkoms*** *van onse HERE Jesus Christus, en ons vereniging met Hom…"* (II Thes. 2:1).

*"…Dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die* ***verskyning*** *van onse HERE Jesus Christus wat op sy eie tyd* ***vertoon sal word*** *deur die salige en enigste Heerser..."* (I Tim. 6:14-15a).

*"Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die HERE, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee, en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wie sy* ***verskyning*** *liefgehad het"* (II Tim. 4:8).

*"Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat* ***kom****, sal kom en nie versuim nie"* (Heb. 10:37).

*"Wees dan geduldig, broeders, tot op die* ***wederkoms*** *van die HERE ... julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte want die* ***wederkoms*** *van die HERE is naby"* (Jak. 5: 7-8).

*"Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons aan julle die krag en die* ***wederkoms*** *van onse HERE Jesus Christus bekend gemaak het nie, ..."* (II Pet. 1:16).

*"Dit moet julle veral weet, dat daar in die laaste dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy* ***wederkoms****?"* (II Pet. 3: 3-4).

*"Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, wanneer Hy* ***verskyn****, aan Hom gelyk sal wees,omdat ons Hom sal sien soos Hy is."* (I Joh 3:2).

*"Want soos almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word, maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy* ***koms****"* (I Kor. 15: 22-23).

## Dit sal inderdaad gebeur

Die aanbieding van al hierdie Bybel verwysings bevestig die belangrikheid van daardie groot gebeurtenis. Nie te lank na die dood van die apostels het daar diegene opgestaan wat die wederkoms van Jesus Christus 'vergeestelik' het. Dit gebeur tot vandag toe nog. Mense sterwe, maar nie geeste nie; dit gryp diegene aan wat altyd gereed is om verkeerde leerstellinge te propageer. Die teorie van die organisasie wat beweer dat die koninkryk van God op die aarde gebore en ingestel is in 1914, is redelik algemeen bekend. Soortgelyke leerstellinge wat verband hou met die instelling van datums was in omloop voor en na dié tyd. Die term "die 'parousia' van Christus", by voorbeeld, is tans in algemene gebruik. Diegene wat die "parousia lering" beoefen beweer dat Christus reeds gekom het en dat Hy nou alreeds oordeel, en so voorts. So dan word die wederkoms van Christus net verder 'vergeestelik' en diegene wat dit doen praat van 'n spesiale openbaring en sê dat hierdie dinge slegs bekend sal wees onder 'n spesiale groep. Dieselfde aansprake word keer op keer gemaak deur entoesiastiese preke en die mense besef nie dat hulle eintlik weggeneem word van die waarheid en beroof word van die salige hoop.

Sodanige leringe mag baie vroom klink, maar dit is verkeerd en misleidend. Die Griekse woord "parousia" op sigself beteken "aanwesigheid" wat altyd 'n persoonlike verskyning of koms noodsaak. *Para-ousia* beteken "stoflike aanwesigheid". Byvoorbeeld, as die president van die Verenigde State by die Wit Huis aankom, is dit sy 'parousia'. 'Parousia' is nie fantasie nie; die werklike aankoms kan slegs bestaan met die sigbare en liggaamlike koms van 'n persoon. Daar is dus geen 'parousia' van Christus sonder dat Hy persoonlik kom nie. So 'n lering is eenvoudig net onsin. Soos Sy eerste koms of "epifanie" ('parousia' by Sy eerste koms) waar en eg was, sal Sy persoonlike liggaamlike aanwesigheid by Sy wederkoms op dieselfde manier ook waar en eg wees. 'n Lering oor die wederkoms van Christus sonder dat Christus persoonlik verskyn, het geen Bybelse of selfs logiese grondslag.

Net soos die wederkoms van Jesus Christus self nie verbeelding of net lering is nie, so ook is die gebeure wat verband hou met dit werklikheid. Paulus skryf, "*Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word*" (I Kor. 15:51). Almal kan lees in Matthéüs 17 vanaf vers 2 wat ‘n *gedaante verandering* of *transformasie* beteken en hoe dit plaasvind: "*Jesus het van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig*". Johannes het die HERE met dieselfde verskyning op Patmos gesien: "*Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam*" (Openb. 1:12-18).

Die gedaante verandering behels dat "*hierdie verganklike… met onverganklike, en hierdie sterflike… met onsterflikheid beklee word*" (I Kor. 15:53). In hierdie voltooiing en volmaaktheid sal daar geen oud-word beleef word nie, maar ewige jeug. In Job 33: 23-28 vind ons die beskrywing van die terugkeer na die dae van jonkheid. Daar lees ons van die bemiddelaar en die versoening. Na die versoening word die verlostes gesien in die fleur van hul jeugdigheid: “*dan word sy vlees fris van jeugdige krag, hy keer terug na die dae van sy jonkheid”*. Die verandering sal plaasvind "*in 'n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word*" (I Kor. 15:52).

Hierdie groot gebeurtenis het nie net betrekking op die wat lewe op daardie oomblik nie, maar ook op diegene wat vooraf gegaan het met hierdie lewendige hoop. Job het ook deur geloof die opstanding beklemtoon en gesê: “*Maar ek, ek weet: My Verlosser leef, en dat hy op die aarde gaan staan in die laaste dag, en al sou die wurms my liggaam vernietig, ek God sal sien in my vlees*" (Job 19: 25-26).

Diegene wie in Christus slaap sal by die wederkoms van ons HERE 'n opstandingsliggaam ontvang soos geskrywe is: "*So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. ‘n Natuurlike liggaam word gesaai, ‘n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam*" (I Kor. 15: 42-44).

"*Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring*" (I Thes. 4:14). Wie aanvoer dat Christus reeds gekom het, moet ons vertel waar diegene is wie Hy saam met Hom gebring het. Wie dit beweer stel die lewendes in ‘n voordeel in vergelyking met die ontslapenes en dit sou in

stryd wees met die duidelike verklaring van die Heilige Skrif: "*Want dit sê ons vir julle deur die woord van die HERE, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die HERE, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die HERE self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van die aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterwe het* ***sal eerste opstaan,*** *daarna sal ons wat in die lewe oorbly,* ***saam met hulle*** *in wolke weggevoer word die HERE tegemoet in die lug...*" (I Thes. 4: 15-17a).

Neem kennis dat die HERE nie terugkeer na die aarde nie, maar dat die oorwinnaarskare, nl. sowel die wie in Christus ontslaap het asook diegene wat nog in Hom lewe, verander sal word, en **gesamentlik** sal hulle opgeneem word om die HERE te ontmoet in die lug. "*...en so sal ons altyd by die HERE wees*" (I Thes. 4:17b).

Die HERE is deurgans teenwoordig in die tyd van genade, soos Hy belowe het, in gees vorm. Hy is teenwoordig waar twee of drie werklik in Sy naam vergader. Op die dag van Pinkster het Hy in die Gees gekom in die gelowiges, soos Hy belowe het (Joh. 14:18). "*...en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus* " (Efe. 2:6). Die ware gelowiges is pelgrims en vreemdelinge op die aarde. Terselfdertyd is hulle "*medeburgers van die heiliges en huisgenote van God*" (Efe. 2:19).

By die wederkoms van Christus sal almal wat aan Hom behoort, ongeag of hulle ontslape is en of hulle nog lewe, deur die onsterflike lewendmakende krag van God opgeneem word om Hom te ontmoet in die lug. Dit geld vir almal, vanaf sy eerste koms tot met Sy wederkoms, wat werklik geglo het dat die Woord van God gepreek was in hul dag en dit ook ervaar het en wie se lewende hoop werklik Jesus Christus was. Amen! Paulus stel dit as volg: "*Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die HERE, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het*" (II Tim. 4:8). In elke kerkeeu was daar diegene wat geglo het wat die Gees aan die gemeentes sê (Openb. 2+3) en het geglo dat die wederkoms van die HERE in hul tyd sal gebeur. Hulle het die woord "Maranatha" gebruik – die HERE kom – want die verlange was so diep gewortel in hulle harte. Hulle het gebid, "*Ja, kom, HERE Jesus*." Hulle was nie vergis en ook nie teleurgestel nie. Hulle het net heengegaan voor ons en wag totdat die volle getal bereik word. Daar is nou hier heel aan die einde van tyd, ‘n volkome harmonie van die Woord-bruidegom en Woord-bruid wat plaasvind, totdat die Gees en die Bruid uiteindelik eenstemmig is (Openb. 22:17).

Volgens Matthéüs 27: 51-54 het die uitverkorenes van die Ou Testament saam met Christus opgestaan. "*En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie omdat God iets beters oor ons beskik het,* ***sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie***" (Heb. 11: 39-40). Hulle wag in die paradys in afwagting op die uur wanneer almal die voltooiing sal sien. Dan sal die uitverkorenes uit die Ou en die Nuwe Testament by die groot maaltyd in die Heerlikheid wees. Ons HERE het na dit verwys toe Hy gesê het: "*Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van die ooste en weste en sal aansit saam met Abraham en Isak en Jakob, in die koninkryk van die hemel*" (Matt. 8:11).

## Verwerklikte Verlange

"*Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. ... En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die* ***aanneming****… naamlik die* ***verlossing van ons liggaam***" (Rom. 8:19,23).

Volgens Genesis 1:27 het God "*die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskape*". Dié skepping was in die geestelike liggaam. Eers later het die HERE God die mens uit die aarde geskape soos geskrywe is: "*En die HERE het die mens geformeer uit die stof van die aarde...*" (Gen. 2:7). Dit was in hierdie vlees liggaam dat die mens geval het. Daarom het God, wat Gees is, mens geword in die Seun om ons te verlos en ons, in Sy goddelike Seun-gedaante, terug te herstel na 'n geestelike liggaam. "*Want die wat Hy vantevore geken het, het hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun…*" (Rom. 8:29).

"*Die eerste mens is uit die aarde, aards, die tweede mens is die HERE uit die hemel. Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense, soos die hemelse is, so is ook dié wat hemels is. En soos wat ons die beeld van die aardse gedra het, sal ons ook die beeld van die hemelse dra*" (I Kor. 15: 47-49).

Diegene wat waarlik glo is verlangend om deel te hê in die eerste opstanding, die verandering van die liggaam, en die wegraping.

"*Want ons is gered in hoop maar hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?*" (Rom. 8:24). Deur die eens-en-vir-altyd werk van verlossing wat voltooi is op Golgota is ons

eintlik teruggeplaas in ons posisie voor die sonde val. Ons wag net op die verandering van ons liggame.

Paulus spreek sy begeerte uit om deel te neem in hierdie bevoorregte opstanding in die volgende vers: *"Sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik*" (Fili. 3: 10-11).

Net so seker soos 'n aardse liggaam na die graf geneem word, kan ons ook seker wees dat 'n geestelike liggaam opgewek sal word. So sal ook die ware gelowiges wat leef in die tyd van die wederkoms van Jesus Christus verander word en ‘n opstandingsliggaam kry. "*Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat* ***wanneer hy verskyn, ons net soos hy sal wees, want ons sal hom sien soos hy is***" (I Joh. 3:2).

Jesus Christus, die Seun van God, wat gekruisig is en begrawe is, het liggaamlik opgestaan op die derde dag. Na hierdie was Hy veertig dae lank saam met Sy dissipels, in Sy opstandingsliggaam; Hy het met hulle geëet en gedrink en hulle onderrig in die dinge wat betrekking het op die koninkryk van God (Luk. 24: 36-49; Hand. 1:3). "*En Hy het hulle uitgelei tot by Betánië, en hy het sy hande opgehef en hulle geseën. En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem*" (Luk. 24: 50-51). "*En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel?* ***Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle hom na die hemel sien wegvaar het***" (Hand. 1: 9-11).

Soos reeds gemeld, sal die wederkoms van Jesus Christus 'n werklikheid wees, nie 'n godsdienstige fantasie nie, maar 'n onbetwisbare feit met sigbare merke wat daardie groot gebeurtenis sal vergesel aan die einde van die tyd van genade. Dit wat ons lees in Lukas 17: 34-36, sal 'n bittere werklikheid word vir baie: "*Ek sê vir julle, in daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee sal op die land wees, die een sal aangeneem en die ander verlaat word.*"

## Die Geroep

Volgens I Thessalonisence 4:16 sal drie dinge plaasvind by die eintlike wederkoms van die HERE: "*‘n geroep*", "*die stem van ‘n aarts-*

*engel"* en "*die basuin van God*". Dit sal alles gebeur wanneer die HERE uit die hemel neerdaal om die verlostes na die Heerlikheid te neem. Die ontmoeting van Bruid en Bruidegom gebeur nie op aarde nie, maar in die lug (I Thes. 4:17).

In Johannes 11 lees ons dat reeds met Sy aardse bediening Hy 'n bevelende roep gehad het: "*En nadat Hy dit gesê het, het Hy met 'n groot stem geroep: Lasarus, kom uit!. En die oorledene het uitgekom…*" (vv. 43-44).

Toe die HERE Jesus aan die kruis Sy laaste skreeu gee: "*En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur ... en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur; en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan*" (Matt. 27: 50-52).

In Johannes 5:25 het Hy gesê: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die uur kom, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor, en hulle wat dit hoor, sal lewe*".

Die gebiedende woord van die HERE is die woord van die Almagtige. Wat Hy ookal sê gebeur en wat Hy beveel kom te voorskyn. Sy Woord kan nie ledig terugkeer nie maar is in alles voorspoedig waartoe dit gestuur word. Trouens, Hy handhaaf alle dinge deur die woord van Sy krag (Heb. 1:3). Die Griekse woord "roep" (Χελεούσματι) wat in I Thessalonisence 4:16 as 'n wekroep vertaal word, kom van die militêre taal en dui 'n bevel aan. Dit sal gebeur wanneer Hy begin neerdaal uit die hemel. Die woord "roep" is ook vertaal as "bevelsroep"; diegene wat slaap sal deur hierdie geroep ontwaak. Dan volg die liggaamlike verandering van diegene wat in Christus lewe. Hiermee wys die HERE Sy soewereiniteit en gesag, dat Hy HERE is oor die lewendes en die dooies.

Hebreërs 12:26 is 'n kragtige getuienis met betrekking tot die almagtigheid van Sy gesproke word: *"Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe"*.

In Matthéüs 25 lees ons van 'n geroep wat uitgaan om middernag, **net voor die koms** van die Bruidegom, *"Kyk, die bruidegom kom, gaan uit om hom te ontmoet"*. Dit is die laaste en magtige geroep om diegene op aarde wakker te skud wat geestelik aan die slaap is ten tye van die **wederkoms** van die HERE. Beide die wyse en dwase maagde word wakker van dié geroep, kry hulle lampe gereed en berei hulle voor vir die koms van die Bruidegom: *"Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed"* (Matt. 25:7). Die dwase sal natuurlik ook uitgaan om

die bruidegom te ontmoet, maar dan besef hulle dat hulle nie genoeg olie het om deur te trek nie, en kan dus nie ingaan na die bruilof nie.

As ons die "geroep” van Matthéüs 25:6 vergelyk, wat in die Grieks beteken die geroep om die lewendes wat geestelik slaap te laat ontwaak (Χρανγη), met die woord "geroep" (Χελεούσματι) wat gebruik word in I Thessalonisence 4:16, dan kan ons sien dat dit oor twee verskillende aspekte handel. Die "geroep" van Matthéüs 25 dui die dringendheid aan van die boodskap wat onder die lewende gelowiges in dié tyd op aarde is, en die "geroep" van I Thessalonisence 4 sal die bevel van die HERE wees wanneer Hy uit die hemel neerdaal om die ontslapenes in Christus uit te roep.

Die geroep van Matthéüs 25 is nou besig om uit te gaan. Dit is die laaste boodskap van God waardeur die gelowiges opgewek word voor die wederkoms van Christus. Hulle hoor die lewende Woord van God en versamel die vars manna. God se boodskap is die Woord vir hierdie uur; dit bevat al die beloftes vir die eindtyd. Slegs diegene wat nou glo volgens die Skrif, en daardeur hul stand met God inneem, sal die voltooiing van die beloftes ervaar.

Met betrekking tot die boodskapper wat voor die eerste koms van Christus gestuur was, lees ons: *"Die stem van een wat roep in die woestyn...."* (Jes. 40:3), Elke Bybel-leser weet dat hierdie profetiese uiting vervul was deur die bediening van Johannes die Doper. Hy het homself getuig en gesê: *"...ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die HERE reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het"* (Joh. 1:23).

Huidiglik, hier kort voor die wederkoms van Jesus Christus, weerklink die boodskap van die geopenbaarde Woord nog steeds soos dit toevertrou is aan die boodskapper-engel van die laaste kerkeeu, Laodicea (Openb. 3:14-22). Die geroep gaan uit en diegene wat ag slaan daarop word wakker uit hul slaap en maak hul lampe skoon. Die wyse maagde vul hulle kanne met olie. Hulle het beide Woord en Gees. Hulle kom tot die besef dat God nou Sy werk voltooi, en gee ag op die werklike boodskap, die profetiese Woord vir hierdie tyd. So word hulle voorberei vir daardie glorie-ryke dag.

Johannes die Doper, die voorloper by die eerste koms van ons HERE, het gesê: *"Hy wat die bruid het, is die bruidegom, maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom; so is dan hierdie blydskap van my volkome"* (Joh. 3:29). Die bruid moet nou op dieselfde manier die stem van die bruidegom hoor,

wat die Woord is, met al die beloftes van hierdie tyd. Net soos daar 'n profetiese boodskap was met die eerste koms van Christus, is daar nou, voor Sy tweede koms, ook 'n profetiese boodskap. Dit is die Matthéüs 25 geroep wat op hierdie huidige tydstip uitgaan – die beloofde Woord van die uur, die boodskap van hierdie dag waardeur al die verborgenhede in die Woord van God wat nodig is vir die Bruid bekend gemaak word.

Die geroep om diegene wat geestelik slaap te laat ontwaak en voor te berei, moet plaasvind voor die koms van die HERE. Die apostel Johannes het, toe hy die Bruid in 'n voorskou op die eiland Patmos gesien het, geskryf, *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haarself gereed gemaak"* (Openb. 19:7).

## Die Stem van die Aartsengel

Die vermelding van die stem van die aartsengel in I Thessalonisence 4:16 is ook baie belangrik. Engele is *"dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wie die saligheid sal beërwe…"* (Heb. 1:14). Wanneer die Wegraping plaasvind, neem die Verlosser die verlostes op, die Heerlikheid in, terwyl Satan met al die wat hom volg neergewerp word op die aarde. Dít sal die merkteken wees dat dit vervul is wat Johannes gesien het in 'n voorskou, en wat hy beskryf asof dit alreeds gebeur het: *"En daar het oorlog in die hemel gekom,* ***Mígael*** *en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word Duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp"* (Openb. 12: 7-9).

Ons Verlosser het eens en vir altyd met Satan afgereken en hom met al sy magte oorwin. *"…nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het"* (Kol. 2:15) Hy verower dood en die doderyk (I Kor. 15: 54-57) en het gevangenes gevange geneem (Efe. 4:8), en oorwinnend opgestaan op die derde dag. *"…moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid, Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood"* (Openb. 1: 17-18).

Maar die ou teenstander kom nog teen die gelowiges en kla hulle aan by God. Christus, die Middelaar van die Nuwe Verbond, bly daarom aan as Hoëpriester en Advokaat totdat die Bruid-kerk voltooi is. Die oomblik wat al die verlostes in die teenwoordigheid van God verskyn sonder vlek

of rimpel, kan Satan hulle nie meer beskuldig nie. Op daardie oomblik word hy neergewerp met die leër wat hom volg.

Soos ons reeds opgelet het in Openbaring 12: 7-9, sal dit die taak van die aartsengel wees, **Mígael**, om sy stem op te hef en die oorwonne vyand sy perke te wys. Dit was ook Mígael wie getwis het met Satan oor die liggaam van Moses (Jud. 9). Ten einde sal hy opstaan en veg vir die kinders van Israel, soos geskrywe is: *"En in daardie tyd sal **Mígael** staan, die groot vors wat staan vir die kinders van jou volk"* (Dan. 12:1). Ek sou nie verbaas wees as hy die een is van wie gepraat word in Openbaring 20: 1-3, wie Satan in die afgrond gooi voor die aanvang van die Duisendjarige Vrederyk van Christus. Die lering dat die aartsengel Mígael Christus is, is absurd. Die waarheid is dat Yahweh van die Ou Testament is Jesus van die Nuwe Testament, dieselfde HERE – gister, vandag en tot in ewigheid. Mígael en Gabriël is in die Nuwe Testament, wat hulle was in die Ou Testament.

Daar is geen behoefte vir 'n ander stryd tussen die Veroweraar van Golgota en die verowerde magte van die vyand nie, wat nog steeds stryd voer in die lug (Efe. 6: 10-17). *"...en wag nou verder totdat sy vyande die voetbank gemaak is van sy voete"* (Heb. 10:13). By Sy wederkoms sal die Bruidegom Homself slegs met die Bruid bemoei. Hy sal geen ander verpligtinge het op daardie tydstip nie.

Gabriël word dikwels genoem met spesiale aankondigings of wanneer inligting aangaande die plan van verlossing gegee word (Dan. 8:16; Dan. 9:21). Gabriel het ook aan Sagaria die geboorte van Johannes die Doper aangekondig (Luk. 1:19) en die geboorte van ons HERE en Verlosser aan Maria (Luk. 1:26). In die (toekomstige) stryd met die vyand en sy magte, is Mígael, die aartsengel, betrokke.

Slegs diegene wat deel is van die Bruid sal deelneem in die wegraping. Dit is geskryf: *"en die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof…"* (Matt. 25:10). Satan kan nie ingaan by die deur nie, want Jesus Christus is die deur. Hy gaan op ‘n ander manier in, want hy is die dief en rower (Joh. 10:1) – en word dan uitgewerp.

In Matthéüs 22 vind ons die beskrywing van die bruilofsaal, wat met gaste gevul was: *"En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar 'n man wat nie 'n bruilofskleed aanhet nie. En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy was sprakeloos. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, en neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande"* (vv. 11-13). Sommige struikel

omdat ons HERE gebruik maak van die woord "vriend". Maar let op dat Jesus ook met die verraaier Judas, in wie die Satan gekom het, op dieselfde manier gepraat het: *"vriend, waarvoor is jy hier?"* (Matt. 26:50). Satan kan verskyn in ‘n wit kleed en homself verteenwoordig as 'n engel van die lig (II Kor. 11:14), maar hy kan nooit 'n bruilofskleed dra nie. Slegs die Bruid sal die voorreg het *"om bekleed te wees met rein en wit fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges"* (Openb. 19:8).

Oor die oorwinnaars lees ons: *"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood hulle lewe nie liefgehad nie"* (Openb. 12:11). As ons werklik Jesus Christus volg as God se gehoorsame kinders, moet ons voete geplaas wees in Sy voetspore. Op so ‘n wyse kan die volgende Skrif letterlik vervul word in ons en deur ons: *"Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die HERE, en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die HERE …"* (Rom. 14: 7-8). Paulus en almal wat saam met Christus gesterf het, kon sê, *"…ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my…"* (Gal. 2:20). Dit is nie voldoende om net te preek, te sing of om te praat oor dit nie, dit moet 'n ware ervaring in ons lewens word as ons Sy heerlikheid wil ingaan.

## Die Basuin

Volgens I Thessalonisence 4:16, sal die basuin van God weerklank met die wederkoms van ons HERE. In die Ou Testament, let ons op, was 'n basuin gewoonlik geblaas vir spesiale geleenthede. Toe die HERE afgekom het op die berg Sinai, het die mense die blitse gesien sowel as die donderslae en die basuin geklank gehoor (Exo. 20:18). Die Jubeljaar, die vyftigste jaar, waar almal vry kon gaan, is ook op die versoendag deur die basuingeklank aangekondig (Lev. 25: 8-12).

Elke keer wanneer ons in die Heilige Skrif lees van ‘n basuingeklank, was dit ‘n baie spesiale gebeurtenisse wat plaasgevind het. Ons lees ook van die basuin van God in verband met die wederkoms van Christus. Dis wanneer die HERE Sy groot plan van verlossing vir sy uitverkorenes voltooi. Christus sal terugkeer op dieselfde wyse as toe Hy na die hemel is. In Psalm 47:6 lees ons, *“God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank"*. Wanneer die basuin van God weerklank, word die verlostes geroep na die groot maaltyd in die Heerlikheid. Die apostel Paulus beskryf die besonderhede van hoe hierdie groot gebeurtenis sal plaasvind: *“In 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin, want die basuin sal weerklink...”* (I Kor. 15:52).

Jesus Christus keer terug met 'n gebiedende geroep, vergesel van die stem van die aartsengel en die basuin van God om die verlostes, of hulle ontslape is of in die lewe is in dié tyd, weg te neem voordat die toorn van God uitgestort word in die groot verdrukking. Onmiddellik na hierdie belangrike gebeurtenis in die plan van verlossing, die "wegraping" van die Bruid, word die tyd van genade vir die nasies beëindig; dan draai God na sy volk, Israel (Rom. 11:25-27). Die profeet Jesaja praat ook oor die groot basuin wat geblaas word op hierdie spesifieke tyd (Jes. 27:13).

Die wederkoms van die HERE sal skielik, soos 'n weerlig verskyn; in 'n oogwink. Wie dan op daardie tydstip werklik gereed sal wees, sal opgeneem word, die Heerlikheid in. Net soos Henog, die sewende van Adam af, weggeneem was en nie gevind is op die aarde nie; so ook nou aan die einde van die sewende en laaste Kerkeeu, sal diegene wie aan die Bruid behoort, nie gevind word op die aarde nie.

### Die Voorwaarde

Die voorvereiste om hierdie hoogste doel te bereik, word aan ons duidelik genoem: *"En* ***as die Gees*** *van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het,* ***in julle woon****,* ***dan sal Hy*** *wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak, deur sy Gees wat in julle woon."* (Rom. 8:11). Hier word ons nie vertel van 'n salwing wat miljoene ontvang nie, maar eerder van 'n "**inwoning**". Die woord "**as**" in hierdie vers is van grote belang. **As** die krag van Gods Gees in ons **woon**, ook in ons bly, **dan** sal die "lewendmaking" van die sterflike liggaam gebeur; **indien nie, sal dit eenvoudig net nie met jou gebeur nie**. Volgens die Woord van ons HERE, sal daar net voor die tweede koms baie valse christusse wees, "vals gesalfdes", sommige wat selfs groot tekens en wonders uitvoer, wat hulself met hul sogenaamde gesalfde bedieninge aanbied, wat eintlik gewortel is in die leringe van die valse profeet (Matt. 24).

Bybelse geloof is altyd geanker in die oorspronklike beloftes wat aan ons gegee word in die Woord. *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle 'ja' en in Hom 'amen', tot heerlikheid van God deur ons"* (II Kor 1: 20). Ware geloof kom alleen deur die prediking van die Skrifte. *"Daarom dan, geloof is deur die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God"* (Rom. 10:17). So is dit dan die geval met ons verlossing, genesing en al die ander beloftes, en dit is dieselfde met wegrapingsgeloof. Dit kom deur die tydige boodskap van die geopenbaarde Woord, waarin ons verwagting en hoop lê. *"En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die*

*Heilige Gees wat aan ons gegee is"* (Rom. 5:5). *"…geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie"* (Heb. 11:1).

Die Woord en die Gees van God werk altyd saam in die verlostes. Die Gees van belofte is op diegene wat die Woord van belofte ontvang. Die salwing van die Heilige Gees is nie genoeg nie – Hy moet **in ons woon** as Trooster. Die Gees het in Christus, die Eersgeborene, kom woon, nadat dit op Hom gerus het (Matt. 3:16). Dieselfde geld met almal wie die eersgeboortereg het; hulle ontvang die Gees as eerstelinge van die Gees (Rom. 8:23) tot verheerliking – soos Paulus dikwels daarop gewys het: *"En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die HERE aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die HERE wat die Gees is"* (II Kor. 3:18).

Wie die verandering van hierdie sterflike liggaam wil ervaar, moet God se krag van onsterflikheid binne homself ontvang. Ewige lewe is bereikbaar deur die ware ervaring van die wedergeboorte met die verseëling van die Heilige Gees. *"In wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid"* (Efe. 1: 13,14).

Die verandering van hierdie liggaam sal nie van buite af gebeur nie, maar sal eerder begin aan die binnekant. Eers moet die siel, waarin die Gees van God Sy woonplek maak, hernu word. Dan sal ons sterflike liggame uiteindelik verander word deur Sy lewendmakende Gees wat **in ons woon**. Die Heilige Gees is die werklike krag in ons waardeur dit sal gebeur.

Daar is 'n groot onderskeid tussen die salwing van die Heilige Gees, wat ondervind word deur baie mense, en die verseëling deur die Gees. Laasgenoemde kan net ervaar word deur diegene wat werklik deel het aan die verandering van die liggaam. Met Abraham sien ons dat dit verband hou met die uitverkiesing. Dié “geloofsvader” het die beloftes ontvang deurdat hy uitverkies was. **Hy het God geglo en was gehoorsaam** en dit was hom tot geregtigheid gereken. Nadat hy die beloofde Woord wat aan hom gegee is, geglo het, en geregverdig was deur die geloof, gee God hom toe die seël van die besnydenis (Rom. 4).

Die verseëling deur die Heilige Gees kan slegs ervaar word deur diegene wat geroep is soos Abraham was. Hulle ontvang die hartsbe-

snyding en neem so deel aan die goddelike natuur, die Woord van die belofte vir vandag en deur dit te glo word hulle geregverdig. Isak, die beloofde seun van Abraham, was die werklike vervulling van die belofte, en hy het 'n erfgenaam van alle dinge geword. Paulus skryf oor sulke gelowiges: *"Maar ons, broeders, soos Isak was, is die **kinders van die belofte**"* (Gal. 4:28). *"…nie hulle wat kinders van die vlees is, is die kinders van God nie, maar **kinders van die belofte** word gereken as die nageslag"* (Rom. 9:8). Die Woord van die belofte (Rom. 9:9) en die Gees van die belofte (Hand. 2:33) sal ontvang word deur diegene wat genoem word *die kinders van die belofte.* Dit is die Gees van aannemimg tot seunsskap en as kinders van God is ons dan ook erfgename van God en mede-erfgename met Christus (Rom. 8: 15-17).

Deur Sy voorkennis kon God diegene wat glo, tot die ewige lewe verordineer en hulle voorbeskik tot Sy kinders (Efe. 1:5). Hulle sal gelykvormig wees aan die beeld van sy Seun (Rom. 8: 28-30).

Baie gelowiges ervaar 'n salwing van die Heilige Gees en kan roem in groot dinge, maar loop steeds in hulle eie weë en oorweeg nie eens om hul lewens in ooreenstemming met die Woord van God te bring nie. Sulke mense bly versteend in hul tradisionele sieninge terwyl die kerk se beloftes vir ons tydperk by hulle verby gaan. So getuig hulle dan hulself – dat hulle geen deel het aan die finale werk nie, dit wat God aanstonds gaan voltooi. Slegs diegene wat die geskrewe Woord met hul hele hart glo, kan met God wandel. ‘n God-welgevallige lewe kan slegs bestaan deur die Gees van God en in volle ooreenstemming met Sy Woord.

Paulus was die apostel wat geskryf het oor die openbaarmaking van die seuns van God, en hy beklemtoon baie duidelik die belangrikste deel wat daarmee gepaard gaan: *"Want almal wat gelei word deur die Gees van God, hulle is die seuns van God"* (Rom 8:14). Jesus het gesê dat die Gees van Waarheid sal kom en ons lei in alle waarheid en die toekomstige dinge openbaar (Joh. 16:13). Diegene wat werklik God se kinders is en die Heilige Gees ontvang sal elke Woord van God glo en dit gehoorsaam. Aan hulle is die vermaning gegee: *"En bedroef nie die Heilige Gees van God, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing"* (Efe. 4:30). Hulle is die enigstes wat kan hoor wat die Gees aan die gemeentes sê en slegs hulle sal deel hê aan die Bruilofsmaal. Dit is in perfekte ooreenstemming met die hemelse lofprysing: “*Halleluja! Want die HERE God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die Heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak en aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want*

*die fyn linne is die geregtige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: dit is die waaragtige woorde van God*” (Openb. 19:6b-9).

## Die Tyd-skedule

Sodra die Duiwel, die ou draak, uit die hemel gewerp word, lees ons: *"Daarom, wees verheug, o hemele, en die wat daarin woon. Wee die inwoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het"* (Openb. 12:12). Dit is duidelik dat hierdie Skrif verwys na die kort tyd tussen die wegraping en die inleiding van die Duisendjarige Vrederyk. Gedurende hierdie tyd sal Satan sy grimmigheid uitgiet oor die aarde deur middel van die Antichris, wanneer hy wys wie hy werklik is, die ongeregtige (II Thes. 2:8). Hy slaag nie daarin om die oorwinnaars te verslind nie, die Bruid kerk, wat *"tot die mate van die statuur van die volheid van Christus"* gekom het (Efe. 4:13). In hierdie verband praat Openbaring 12 van 'n "manlike kind". Die Draak gaan kwaad wees teenoor die kerk – die vrou wat sal agterbly, na sy geboorte gegee het aan die manlike kind, *"wat oor al die nasies sou heers met 'n ystersepter"* (Openb. 12:5). Hierdie belofte "om te heers oor al die nasies" word nie net gegee met verwysing na Christus nie, maar dit is ook een van die sewe beloftes aan die oorwinnaars: *"En Hy wat oorwin, en my werke bewaar tot die einde toe, aan hom sal Ek mag gee oor die nasies; en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf"* (Openb. 2: 26-27).

In Bybelse simboolspraak word daar na Israel in die Ou Testament en ook na die Kerk verwys as ‘n vrou. In die boek Openbaring sien ons twee heeltemal verskillende kerke: die een van Christus en die ander een van die Antichris. ‘n Illustrasie van die ware kerk word gevind in Openbaring 12 en die Antichris-kerk word in Openbaring 17 beskrywe.

Johannes het in Openbaring 12, 'n vrou bekleed met die son gesien. Dit beteken dat die Nuwe Testamentiese kerk bestraal is met Jesus Christus, die Son van geregtigheid. Die maan onder die vrou se voete is die grondslag waarop sy staan: die profetiese woord wat uitgegaan het gedurende die Ou Testament. Soos die maan die lig van die son reflekteer, is die Ou Testament bestraal deur die son van geregtigheid om aan ons die vervulling van sy profesieë in die Nuwe Testament te weerspieël. Die vrou se kroon van twaalf sterre verteenwoordig die lering van die twaalf apostels waarmee die Nuwe Testament kerk gekroon word (Hand. 2:42).

In elke eeu was daar die geroepenes en die uitverkorenes. Die oorwinnaars bestaan uit die uitverkorenes en die kerk wat agter bly is saamgestel uit dié wie geroep is. Hulle is ook rein en heilig soos die HERE na hulle verwys in die gelykenis van Matthéüs 25 as maagde, maar dwaas in teenstelling met die oorwinnaars, wat wyse maagde was en in gaan by die bruilofsmaal.

Die kerk wat agterbly ontsnap aanvanklik die kloue van Satan en word, soos Israel destyds, op ‘n bo-natuurlike wyse onderhou in die woestyn: *"En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae... sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, vir 'n tyd en tye, en 'n halwe tyd"* (Openb. 12: 6+14). Selfs die presiese tydperk van haar onderhouding word aangegee, nl. drie en ‘n half jaar.

Na hierdie sien ons ‘n derde groep, op wie Satan dan toesak *"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te maak met die oorblyfsel van haar saad wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou"* (Openb. 12:17). Wie hier genoem word is ongetwyfeld die 144,000 Israeliete, op wie Satan dan toesak. Dit is dieselfde saad, maar van verskillende kategorieë. Van hulle is geskrywe: *"Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein"* (Openbaring 14:4). Dit beteken dat die 144,000 nooit aan 'n Christelike denominasie of kerk sal behoort nie, maar sal eintlik geroep en verseël word onder die bediening van die twee profete, na die wegraping van die Bruid-kerk, maar voor die groot verdrukking en vervolging (Openb. 7: 1-8).

Die profeet Daniël was ingelig oor God se tyd-skedule vir Israel. Wie die onderskeie tydperke wat hier aangetoon word verstaan, sal ook instaat wees om die gebeure tussen die wegraping en die aanvang van die Duisendjarige Vrederyk te kan plaas. In Daniël 9: 24-27 lees ons van sewentig “sewetalle", oftewel sewentig weke, wat nie sewetalle dae is nie maar sewetalle jare. Soos duidelik gesien kan word in vers 24, het dit net betrekking op Daniël se mense, Israel, en op die heilige stad, Jerusalem.

Drie tydperke word gegee. Eerstens: sewe sewetalle (49 jare); ten tweede: twee-en-sestig sewetalle (434 jare); ten derde: een sewetal (7 jare). Van uiterse belang is die feit dat die “Gesalfde”, Christus, die Messias, sou afgesny word **aan die einde** van die twee-en-sestig sewetalle, wat afloop ná die eerste sewe sewetalle (vers 26). In vers 27 lees ons: *"En ‘n vors,”* (die Antichris) *“sal die verbond met baie bevestig **vir een week**”* (die laaste sewetal)*, “en **in die middel** van die week sal hy*

*veroorsaak dat die slagoffer en die spysoffer ophou, en op die vleuel van gruwels sal daar verwoesting wees, en wel tot aan die einde, en wat vas besluit is, sal oor wat woes is uitgestort word"*.

Vanaf die tyd toe die bevel om Jerusalem te herstel uitgegaan het (445 v.Chr.), tot met die dood van die Gesalfde, die Messias, het presies 483 jare verloop (nl. 7 sewetalle + 62 sewetalle x 7). Sodra die genadetyd vir die heidense nasies uitgeloop het en die wegraping plaasgevind het, begin die laaste sewetal vir Israel (of-te-wel die laaste sewe jare): die eerste helfte vir die bediening van die twee getuies, en die helfte vir die groot verdrukking.

Openbaring 11 beskryf die drie en 'n half jaar bediening van hierdie twee getuies. In dié periode sal die 144,000, wat uit al die twaalf stamme van Israel kom, verseël word – soos in Openbaring 7: 3-8 aangedui word. In vers 3 lees ons: *"Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van ons God in hulle voorhoofde verseël het nie"*. Dit beteken dat gedurende die drie en 'n half jaar daar geen oordeel van God kan val totdat die verseëling van die 144,000 voltooi is nie. In daardie tyd sal die profesie wat deur Sagaría gegee word vervul word dat die Gees van genade en smekinge uitgestort sal word oor Israel, *"En hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor hom rouklaag..."* (Sag. 12: 10-11).

Die Jode het Hom by Sy eerste koms nie erken as hul Messias nie en daarom het hulle Hom nie ontvang nie (Joh. 1:11). Soos wat Josef in die Ou Testament hom eers aan sy broers bekend maak op hul tweede besoek na Egipte en hulle hom toe eers herken het (Hand. 7:13), erken die Jode ook eers hul Messias wanneer Hy na hulle die tweede keer kom. Josef het sy bruid, wie hy vanuit die Heidene geneem het, in die paleis agter gelaat terwyl hy homself aan sy broers bekend gemaak het. *"Laat almal van my af weggaan! En daar het niemand by hom gestaan toe Josef hom aan sy broers bekend gemaak het"* (Gen. 45:1).

Op dieselfde wyse kies Christus 'n bruid uit die nasies wie Hy sal neem na die Bruilof, waar Hy haar sal los in die hemelse paleis om Homself te openbaar aan Sy broers wanneer hulle almal verseël word. **Dit sal Sy eerste koms wees <u>ná</u> Sy wederkoms en die wegraping**. Johannes het die Verlosser op die berg Sion gesien soos 'n lam met die 144,000 (Openb. 14). Die berg Sion sal by daardie tyd die sentrale punt wees vanwaar God se magtige werke oor die hele wêreld bekend sal wees. *"En hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is"* (Jes. 25:7).

In dié tyd sal Israel erken dat die verbond wat God met hulle gemaak het nog geldig is. Toe God die gebooie gegee het op die berg Sinai, het Hy in die sigbare vorm en wese van 'n engel verskyn. Daarom word daar van Hom gepraat as die *"Engel van die verbond"* (Mal. 3:1). In Handelinge 7:38 verwys Stéfanus na Moses wat gepraat het van die Engel van die verbond: *"Dit is hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met die* ***Engel*** *wat met hom op die berg Sinai gespreek het en saam met ons vaders..."*

Nadat die HERE Homself bekend maak aan sy broers, die Jode, plaas Hy sy voete op die aarde en op die see as die oorspronklike eienaar en eis dit regmatig volgens Openbaring 10. **Dit sal sy tweede koms wees na die wederkoms en wegneem van die Bruid.** *"En ek het 'n ander sterk* ***engel*** *uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en' n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur"* (Openb. 10:1). Die reënboog in die Heilige Skrif is gekenmerk as die teken van die verbond soos aangedui in Genesis 9:13-16. Trouens, die woord "verbond" verskyn 7 maal in dié hoofstuk en 5 keer word verwys na die teken van die verbond, die reënboog.

Die profeet Eségiël het die HERE op die troon gesien: *"het ek iets gesien soos vuur met ‘n glans daaromheen soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk"* (Esé. 1: 27(b)-28). Byna die dieselfde beskrywing kom voor in Openbaring 4: 2-3: *"…en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon. En hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog, wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag”*. Die reënboog oor die hoof van die Engel is om duidelik te maak dat die Nuwe verbond geldig is vir Israel. *"En dit is van my kant my verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem"* (Rom. 11:27; Heb 8: 6-13).

*"En in sy hand het hy 'n geopende boekie…"* (Openb. 10:2). Dit beteken baie duidelik dat die verseëlde boek by die tyd van hierdie **koms** alreeds oop was. Dan sit Hy Sy regtervoet op die see en Sy linkervoet op die aarde en roep uit *"…met 'n groot stem…, soos 'n leeu wat brul"*. Hier sien ons die verandering vanaf Lam, wat praat van verlossing, na die Leeu wat koningskap aandui.

Vir die 144,000 wat verseël is, is Hy eers die Lam – hul Verlosser. *"…dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam"* (Openb. 14:4). In dieselfde verband skryf die profeet Hosea: *"Hulle sal agter die HERE aan trek; Hy sal brul soos ‘n leeu. Want Hy sal brul, en die kinders*

*sal met siddering van die westekant aankom"* (Hos. 11:10) Soortgelyke woorde word gevind in die profeet Amos: *"Die HERE brul uit Sion en verhef sy stem uit Jerusalem"* (1:2). *"…die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel"* (Joël 3:16).

In Openbaring 5:5 word ook van onse HERE gepraat as 'n leeu, *"Kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek"*. Toe Jakob sy seun Juda geseën het, het hy deur die inspirasie van die Gees hierdie profetiese woorde gespreek: *"Juda is 'n jong leeu... Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees"* (Gen. 49: 9-10).

*"…En toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor"* (Openb. 10:3). Wanneer God praat, is dit soos donderslae. *"Luister, luister na die gedruis van sy stem ... God donder wonderbaar met sy stem…"* (Job 37: 2-5). *"Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom... en die skare wat daar gestaan het en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het…"* (Joh. 12: 28-29). **Wat die sewe donderslae ge-uiter het is verseël en nie geskryf nie. Daarom kan dit nooit gepreek word nie, omdat dit nie 'n deel van die geskrewe Woord van God is nie. Dit het eenvoudig betrekking op die finale en geheime handelinge van God teen daardie tyd**. By hierdie geleentheid het die magtige engel sy regterhand opgelig na die hemel, *"en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie"* (Openb. 10:6).

Die profeet Daniël het in hoofstuk 12 dieselfde gebeurtenis vooraf gesien, toe die vraag gevra was hoe lank dit sal wees tot aan die einde van hierdie wonders. Die antwoord was baie duidelik: *"...en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die ewig lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd…"* (v.7). Op grond van hierdie Skrif is dit duidelik dat vanaf die tyd van die eed van hierdie magtige engel, is daar presies drie en 'n half jaar tot aan die einde van hierdie wereld-stelsel en die inleiding van die Duisendjarige Vrederyk.

Kom ons som nou op kortliks: Die twee profete sal hulle bediening uitvoer vir drie en 'n half jaar. Gedurende hierdie tyd kan niemand hulle aanraak omdat hulle absolute goddelike volmag het, *"...en as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit van hulle mond en verslind hulle vyande..."* (Open. 11: 5-6). Hulle bediening herinner ons baie beslis aan

die twee spesiale profete Moses en Elia. Die bewering dat Henog een van die twee getuies sou wees is nie van toepassing hier nie. Henog is die sewende van Adam en dus 'n teë-beeld van diegene wat hier in die sewende en laaste kerkeeu lewe en opgeneem sal word sonder dat hulle die dood sal smaak. Moses en Elia, wie beide neergedaal het op die berg van verheerliking (Matt. 17), sien ons, word ook genoem in die laaste drie verse van die Ou Testament (Mal. 4:4-6).

Aan die einde van die bediening van die twee getuies versamel die 144,000 Jode op die berg Sion as gevolg van hul prediking. Die HERE kom dan en maak Homself bekend aan hulle as Messias, die Lam van God. In daardie stadium word die Israeliete (die 144,000) heeltemal bewus van die geldige Nuwe Testament verbond. Daardeur erken hulle die Antichris, wie dan die verbond van Daniël 9:27 met hulle verbreek en daarmee begin die groot verdrukking en die vervolging: *"en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen ... dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin"* (Openb. 13:5-7). Die profeet Daniël profeteer oor die heiliges van die Allerhoogste: *"hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd"* (Dan. 7:25). Kan dit nog duideliker geskryf word?

Gedurende hierdie verskriklike tyd van vervolging word die 144,000 gelei tot 'n marteldood, vooraf gegaan deur die dood van die twee getuies aan die einde van hulle bediening (Openb. 11:7), soos voorspel in die 5de Seël. In dié verband lees ons ook in Openbaring 14:12: *"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas, hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof van Jesus bewaar"*. Die volgende sal ook van toepassing wees op daardie tydstip: *"…en ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf – salig is* ***van nou af*** *die dode wat in die HERE sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle"* (Openb. 14:13).

Onse HERE het die verspreiding van die volk van Israel onder al die nasies en hul terugkeer na die beloofde land vooraf aangekondig. In hierdie verband lees ons: *"en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is"* (Luk. 21:24).

In die vyfde seël (Openb. 6: 9-11) lees ons oor die siele onder die altaar wat gedood is vir die Woord van God, en vir die getuienis wat hulle gehad het. Let op dat daardie martelare nie die getuienis van Jesus Christus gehad het nie. Hulle was in besit van die Woord van God, maar hulle het geen openbaring gehad aangaande Jesus Christus as die

Messias nie. Hulle het Hom nie erken nie. Hierdie groep is saamgestel uit al die Jode wat vermoor is sedert die eerste koms van die Messias, en dit net omdat hulle Jode is. Omdat hulle nie verlossing ervaar het nie het hulle uitgeroep na wraak. Mense wat verlos is, bid: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"*. Hierdies roep uit: *"Hoe lank, O heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?"* God, die regverdige Regter, het aan elkeen van hulle wit klere gegee; *"En aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus, totdat ook hul mede-diensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees"*.

Die woord "diensknegte" in hierdie verband het geen verbintenis met die Nuwe Testamentiese kerk nie, wat saamgestel is van die seuns en dogters van God. In Bybelse profesie is die Israeliete bekend as diensknegte en diensmaagde, en nie as seuns en dogters nie. Sonder enige twyfel word met “mede-diensknegte” verwys na die 144,000 wat vervolg en vermoor word onder die verdrukking deur die Antichris ná die bediening van die twee getuies.

## Die Vergelding

"*Onmiddellik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee"* (Jes. 13:10; Joel 12: 30-32; Openb 6: 12-17), *"en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf, en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid"* (Matt. 24: 29-30).

*"En daar sal tekens wees aan son, en in maan en sterre; en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, die mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die aarde kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom op 'n wolk, met groot krag en heerlikheid"* (Luk. 21: 25-27).

*"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor hom rou bedryf"* (Openb. 1:7).

Ons het reeds gesien dat die HERE ná die wederkoms vir die Bruidgemeente, eers as die Lam na die 144,000 en dán as die Engel van die Verbond kom. Aan die einde van die groot verdrukking **kom Christus** om die Antichris, ook beskryf as "die ongeregtige", te vernietig. Die weer-

gawe wat die apostel Paulus gee is dat die Antichris eers sy mag ten volle kan openbaar wanneer “*hy wat nou teehou, uit die weg geruim is...*” nl., die Heilige Gees wat in die Bruidkerk werksaam is. Dit gebeur wanneer die Bruidkerk weggeraap word: *"…dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die HERE met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy koms tot niet sal maak"* (II Thes. 2:8). *"...maar hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose (*Antichris) *doodmaak”* (Jes. 11:4b).

In Openbaring 19: 11-16 **kom** die HERE op 'n wit perd. Hy word verwys na as *“Getrou en Waaragtig”*, en sy naam is genoem *"Die Woord van God"*. Hy oordeel en veg in geregtigheid. *"En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en hy sal hulle met 'n staaf van yster regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige"* (v.15). ‘n Soortgelyke weergawe kom voor in Openbaring 14: 17-20: *"En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God.”* (v.19)

Van hierdie finale afrekening vind ons baie Bybeltekste:

*"En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel. Volgens die dade, daarmee ooreenkomstig sal Hy vergelde: grimmigheid aan sy teëstanders, vergelding aan sy vyande"* (Jes. 59: 17-18).

So spreuk die HERE, *"Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom ... En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop"* (Jes. 63: 4+6).

*"Kyk, die Naam van die HERE kom van ver af, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en sy tong soos 'n verterende vuur... En die HERE sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels"* (Jes. 30: 27, 30).

*"Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deure agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verby gaan"* (Jes. 26: 20).

*"Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud. Die aarde waggel geheel en*

*al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n nag hut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie. En in die dag sal die HERE besoeking doen oor die leerskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde; en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil, en bewaar word in 'n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word. En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees"* (Jes. 24: 19-23).

*"So sê die Here HERE: onheil op onheil, kyk, dit kom! 'n Einde kom, die einde kom, dit word wakker teen jou; kyk, dit kom!... Die tyd kom, die dag is naby! Rumoer en geen vreugdegeroep op die berge nie!"* (Esé. 7: 5-7).

Die oordeel oor die godsvyandige magte sal in een dag kom, in 'n enkele geveg. *"Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak, en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon"* (Openb. 16: 15-16). Dié **koms** val natuurlik saam met die groot oorlog van Armagéddon. Die profeet Esegiël beskryf hoe die einde van die vyande van God sal wees: *"En ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende reën, en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is"* (38:22). So ook getuig Sagaria van die oordeel wat sal kom oor die nasies wat teen Jerusalem oorlog sal maak in daardie tyd: *"Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan, en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle monde. En in dié dag, sal 'n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander"* (14: 12-15).

In II Thesalonisence 1: 7-8 word ook gepraat van die groot oorwinning oor die Antichris en die finale oordeel van die magte wat stryd voer teen God: *"...in die openbaring van die HERE Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie, en op die wat aan die evangelie van onse HERE Jesus nie gehoorsaam is nie"*. Dit val binne die tydperk van die *"Dag van die HERE"*, waarvan die apostels en profete geprofeteer het.

*"Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek..."* (Mal. 4:1).

*“Die dag van die HERE sal kom soos ‘n dief in die nag, waarin die hemel met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand”* (II Pet. 3:10).

## Die Oorgang

Nadat die HERE sy grimmigheid uitgegiet het oor Sy vyande, word dan vervul wat Hy gespreek het deur die profeet Sagaria: *"En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê..."* (14:4). Hierdie keer kom Hy nie alleen nie, maar soos beskrywe word in die volgende vers: *"...dan sal die HERE my God kom, en al die heiliges met U!"* (v.5b) – die bruilof in die hemel sal by daardie tyd klaar wees en dan is dit die aanvang van die Duisendjarige Vrederyk.

Voor hierdie heerskappy moet daar tog eers omvangryke rekenskap geskied: *"En die nasies was vertoornd, en* ***u toorn het gekom*** *en die tyd van die dode om geoordeel te word* ***en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees****, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf"* (Openb. 11:18).

Omdat die verkondiging van die Evangelie so verskillend was in die onderskeie kerk eeue, moet daar rekenskap plaasvind en almal moet erken dit wat in werklikheid geldig is voor God. Hierdie verantwoording beteken nie verdoeming nie, eerder dat 'n goddelike geregtigheid toegepas word deur die HERE. Dan sal die volgende Skrifte tot vervulling kom vir die wat gelowig geword het uit die hele Nuwe Testament: *"Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad"* (II Kor 5:10). *“Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die HERE, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee"* (Rom. 14: 10-12).

Voordat die voltooide regverdige groep kan oordeel met die Regter en heers met die Koning moet hulle self die oordele staan en dan hul kroon ontvang. Daar sal verskeie krone uitgedeel word. Die Skrif praat van die *“kroon van roem”* (I Thes. 2:19); *“Die kroon van die geregtigheid”* (II Tim 4:8), *“die kroon van heerlikheid”* (I Pet. 5:4), en *“die kroon van die lewe”* (Jak. 1:12; Openb. 2:10).

In Daniël 7:26 lees ons: *"Maar die gereg sal sit..."* Dit is in ooreenstemming met Openbaring 20:4: *"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee..."*. Aan die oorwinnaars word die belofte gegee: *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon..."* (Openb. 3:21). Gedurende die Duisendjarige Vrederyk sal hulle nie net regeer met Christus en heers oor die nasies nie (Openb. 2: 26-27), hulle sal ook deel het in die oordeel. Paulus skryf: *"Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? ...Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie…?"* (I Kor. 6: 2-3). In die boek van Judas lees ons van die profesie van Henog wat gepraat het oor hierdie spesifieke **koms** van die Here: *"Kyk, die HERE het gekom met sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het..."* (vv. 14+15).

In Matthéüs 25: 31-32 kry ons ook verwysing na hierdie **koms**: *"En wanneer die Seun van die mens in Sy heerlikheid **kom** en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei, soos die herder die skape van die bokke afskei…"* In Jesaja 2: 2-5 word vir ons die regspraak betreffende die nasies eweneens geskilder: *"En hy sal oordeel tussen die nasies, en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse"*. Byna dieselfde bewoording kan gevind word in Miga 4: 1-5.

Aangaande Israel is geskrywe: *"En wie in Sion oorgebly het, en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem"* (Jes. 4:3). Tog sal dit nie net van hulle gesê word nie, maar ook van diegene wat in die groot verdrukking hul getuienis met hul lewens verseël: *"... en ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus, en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk aan hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank"* (Openb. 20:4). Alhoewel hierdies geen deel het in die Bruilof van die Lam nie, sal hulle wel deel wees van die Duisendjarige Vrederyk. Hulle sal weer tot lewe kom net voor die aanvang van die Vrederyk van Christus op hierdie aarde, en daarom sal hulle deel wees van die eerste opstanding. In hierdie konteks moet ons ook verwys na II Timothéüs 4:1: *"Ek besweer jou dan voor God en die HERE Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel **by sy verskyning en sy koninkryk**"*.

*"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank"* (Openb. 20: 5-6).

Dan sal dit wat die HERE by Homself gesweer het ook vervul word: *"Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer. Hulle sal van My sê: alleen in die HERE is volle geregtigheid en sterkte; na Hom sal hulle kom; maar hulle almal sal beskaamd staan wat op hom toornig is"* (Isa. 45: 23-24).

*"En al die engele van God moet Hom aanbid"* (Heb. 1:6).

*"... sodat in die naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die HERE is tot heerlikheid van God, die Vader"* (Fili. 2: 10-11).

Op daardie oomblik sal almal wat in Christus geglo het, bly wees, *"... wanneer Hy sal **kom** om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo"* (II Thes. 1:10).

Uit dankbaarheid stem ons in met die 24 ouderlinge en die vier lewende wesens en die engele voor die troon en roep uit saam met hulle: *"Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en die wat in die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!"* (Openb. 5: 12-13).

*"Heilig, heilig, heilig is die HERE God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom"* (Openb. 4:8).

Enigeen wat noukeurig gelees het, sou opgelet het dat dit in hierdie gedeelte nie gepraat word van die HERE as die Seun van die Mens nie, maar as die Almagtige God. Die profeet Jesaja druk dit uit in die volgende woorde: *"En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God, op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: Laat ons juig en bly wees oor sy hulp"* (Jes. 25:9).

## Die Duisendjarige Vrederyk

Gedurende die Duisend Jaar Heerskappy, sal die HERE die universele Koning wees en diegene wat saam met hom in die Bruilofsfees sal wees sal met Hom oor die hele aarde heers. Die 144,000 wat ook deel van die eerste opstanding sal wees, sal by hulle aansluit (Openb. 20: 4-6). Dit is die oomblik wanneer die voltallige van die Jode by die voltallige van die heidene gevoeg word. Dieselfde wat geskryf staan t.o.v. die Oorwinnaar van Golgota (Ps. 2:9), word ook as belofte gegee aan die oorwinnaarsskare: *"En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf …"* (Openb. 2: 26-27).

Die Bruid bevind haarself in die Nuwe Jerusalem, haar ewige woning. Sy is en bly daarmee geïdentifiseer: *"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is" ... "Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlikheid van God gehad…"* (Openb. 21:2 + 9b-11). Na die Bruidsmaal word sy nie meer "Die Bruid" genoem nie, maar "die vrou van die Lam". Selfs daardeur kan mens sien hoe presies en volledig die Woord van God is.

Die aardse Jerusalem sal op daardie tyd gevul wees met die glans en Heerlikheid van God, omdat die Nuwe Jerusalem reg bo-oor die oue sal neerdaal. *"Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms, 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar 'n beskutting wees"* (Jes. 4:5).

Soos reeds genoem, sal die Nuwe Jerusalem af kom, maar nie aan die aarde raak nie. Dit sal in die lug hang oor die oue, en die Heerlikheid daarvan sal die hele aarde vul. Die presiese mate van die Nuwe Jerusalem word in Openbaring 21:16 aangegee en dit sal in die vorm van 'n piramiede wees wat strek tot in die hemele.

Die gelowiges wat tydens die groot verdrukking trou bly aan die HERE en daardeur hul lewens opoffer, sal ook in die Vrederyk wees, soos reeds gesien is. *"En ek het gesien... die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy merk, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam"* (Openb. 15: 2-3). In hierdie gedeelte word twee groepe spesifiek geïdentifiseer: diegene

wat die lied van Moses sing (die Jode) en diegene wat die lied van die Lam sing (die gelowiges uit die nasies). Dit is die gelowiges wat nie die merk van die dier of van sy beeld of die getal van sy naam aanvaar nie.

Slegs die oorwinnaars sal deelneem aan die Bruilofsmaal, maar in die Vrederyk sal al die verlostes teenwoordig wees, al is dit in ‘n ander hoedanigheid: *“Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas, en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy temple; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan… en God sal alle trane van hulle oë afvee"* (Openb. 7: 14-15+17). Die beskrywing wat hier gebruik word, dat hulle Hom sal dien in sy tempel dag en nag, verwys sekerlik nie na die ewigheid nie, maar na die Duisendjarige Vrederyk. In ewigheid is daar geen dag of nag nie; dis ‘n tydelike konsep.

Soos reeds genoem, sal die trotsaards en al die goddelose mense, en verklaarde vyande van die HERE God en Israel vernietig word in die Laaste Oordeel (Jes. 13:6-12). Hulle sal brand soos strooi en stoppels (Mal. 4:1). Sommige het nie die Woord in dié verband noukeurig gelees nie en het dit as vanselfsprekend aanvaar dat almal behalwe die Bruid en die 144,000, vernietig sal word. Dit sou egter heeltemal teenstrydig wees met baie Skrifte. Daar is mense wat nog gaan lewe op die aarde: *"En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier"* (Sag. 14:16). Hoe kan hulle jaar na jaar kom, as hulle nie op die aarde lewe tydens die Duisendjarige Vrederyk nie?

*"So sê die HERE van die leërskare: nog sal volke aankom en die inwoners van baie stede. En die inwoners van die een stad sal gaan na die ander en sê: kom, laat ons heengaan om die aangesig van die HERE om genade te smeek en die HERE van die leërskare te soek. Ek wil ook gaan! So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek. So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van ‘n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is"* (Sag. 8: 20-23).

*“...en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem"* (Jes. 2: 2-3).

*"En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees"* (Jes. 11:10).

*"En elke maand op die nuwe maan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE. En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees"* (Jes. 66: 23-24). *"Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie"* (Mark. 9: 47-48). Ook hierdie stelling van onse HERE kan nie arbitrêr geïnterpreteer word nie, maar moet in verband met die res van sy profetiese Woord gelees word.

In Jesaja 65: 20-25 word die omstandighede van daardie nasies beskryf wat oorbly en sal lewe in daardie tyd. Kinders sal gebore word vir hulle; hulle sal huise bou en daarin woon, wingerde het en die vrugte daarvan eet en sal plant en oes. Satan sal gebind wees gedurende dié tydperk, en dus: *"Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees"* (Jes. 65:25). 'n soortgelyke beskrywing kom voor in Jesaja 11: 6-9.

Omdat hierdie volke wat oorgebly het nie bekeer het nie – d.w.s. nie weergebore is nie – kan hulle ongehoorsaam wees, siek word en selfs sterwe. *"En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie"* (Sag. 14:17). *"...want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word"* (Jes. 65:20).

Wat gedurende die Duisendjarige Vrederyk beskryf word, word beskryf as tydelike elemente wat nie in die ewigheid gevind sal word nie: *"En by die stroom sal aan altwee kante bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke* ***maand*** *sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan – uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees"* (Ese. 47:12)

*"En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat* ***twaalf maal*** *vrugte dra, en elke* ***maand*** *sy*

*vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies"* (Openb. 22: 1-2).

Tydens die Vrederyk sien ons God se Koninkryk op aarde en die hele skepping sal 'n deel in dit het (Rom 8: 18-22). Dan sal vervul word wat die profete vooraf gespreek het: *"En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een"* (Sag. 14:9).

*"En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle vir my 'n volk wees. En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig, as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees"* (Esé. 37: 27-28).

*"Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan"* (Openb. 21: 3-4).

*"Hy sal die dood verewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek"* (Jes. 25:8).

## Die Einde van Tyd

Voor die tweede opstanding, die laaste Oordeel en die aanbreek van die ewigheid, vind 'n laaste konfrontasie plaas tussen God aan die een kant en Sy teenstander met sy volgelinge aan die anderkant: *"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hulle sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see"* (Openb. 20: 7-8). Dit verwys na die mense wat lewe op die aarde gedurende die Duisendjarige Vrederyk, maar op geen tydstip was hulle deel van God se plan van Verlossing nie. As 'n mens Eségiël, hoofstukke 38 en 39 noukeurig bestudeer, vind ons duidelike ooreenkomste met die groot slag van Armageddon wat sal plaasvind, soos ons almal weet, net voor die Vrederyk. Daar is 'n groot ooreenkoms tussen Eségiël 39: 17-20 en Openbaring 19: 17-21. Trouens, altwee kere word van dieselfde volke gepraat wat teen Jerusalem sal opkom. Omdat Satan gebind is gedurende dié duisend jaar, is alles vreedsaam. Die oomblik hy losgelaat word, beinvloed hy weer die goddeloses.

*"En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid"* (Openb. 20: 9-10).

Voordat tyd oorgaan na ewigheid, sal die finale oordeel plaasvind, volgens Openbaring 20, vanaf vers 11. Alle mense wat ooit gebore is in hierdie wêreld en op die aarde geleef het, sal opgewek word en sal moet verskyn voor die ewige Regter. Die boeke sal dan geopen word en almal sal geoordeel word volgens hulle werke. Die Boek van die Lewe gaan ook geopen word want by die tweede opstanding sal daar mense wees wie se name geskryf is in die boek van die lewe. Die Boek van die Lam verwys na diegene wat aan die eerste opstanding deelneem; die Boek van die Lewe na dié by die tweede. Die laasgenoemde is hulle wie geglo het in Jesus Christus en daardeur ewige lewe ontvang, maak nie saak aan watter christelike genootskap hulle behoort het nie.Ten spyte van hul opregte geloof in Jesus Christus as hul HERE en Verlosser, het hulle hul afsonderlike weë en kerk reëls gevolg sonder om hulle te bekommer oor die Woord van God. Alhoewel hulle nie deel sal het in die Bruilofsmaal of in die Duisendjarige Vrederyk sal wees nie, sal hulle wel deel het aan die ewige lewe want daar staan geskrywe: "*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:16).

Die Woord van God praat ook baie duidelik van die oorblywendes wat verskyn in die finale oordeel: *"En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp"* (Openb. 20:15): Die poel van vuur word genoem as "die tweede dood*".* Die Skrif is baie duidelik op hierdie punt: *"En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood"* (v.14). Op daardie oomblik word die dier, die valse profeet en die duiwel, al reeds gepynig in die poel van vuur. Oor die duur van die pyniging sê dit: *"…en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid".* Dit kan baie eeue wees. Ongelukkig gee die Bybel vertalers die Griekse woord "eon" aan as *ewige* of die *ewigheid* of *ewigdurend*. Maar in werklikheid beteken die woord "eon" 'n onbepaalde **periode van tyd** en nie ewigheid nie.

Uiteindelik sal daar 'n oomblik in die toekoms kom wanneer tyd sal ophou en die dinge wat was – tydens "tyd" – sal in die ewigheid nie meer wees nie. Daardie dinge wat 'n begin gehad het, sal noodwendig 'n einde hê. As Bybel vertalers goddelik verlig was oor hierdie onderwerp, sou dit

vir ons makliker gewees het om hierdie moeilike konsep te verstaan. Goddelike dinge het nooit 'n begin gehad nie - dit was ewig en sal "bly" in ewigheid. Dinge wat 'n begin het of geskep is, sal iewers ook eindig.

Die eerste dood van 'n persoon gebeur wanneer die siel die liggaam verlaat. Die tweede dood is wanneer die gees na God terugkeer. Dit is wanneer die volgende vervul word, *"…Die siel wat sondig, die moet sterwe"* (Esé. 18: 4+20). Daar word nie 'n enkele plek in die Bybel verklaar dat die mens 'n onsterflike siel het nie. Slegs van God, die Ewige Een, lees ons: *"…die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en die HERE van die HERE, wat alleen onsterflikheid besit…"* (I Tim. 6: 15). Diegene wat eerlik is in hul harte stem saam met die Woord van God. Ons HERE en Saligmaker, lê dié verklaring af, *"Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe"* (Joh. 8:24). Moses was ernstig oor die bediening wat Christus sou hê as die Seun van die Mens, "die Profeet", en het verklaar: *"…elke **siel** wat nie na dié Profeet luister nie, sal… uitgeroei word"* (Deut. 18: 15-19; Hand. 3: 21-23).

Slegs in Hom het ons ewige lewe. Slegs diegene wat die nuwe geboorte ervaar, kan vir ewig leef. Die ewige lewe is God se eie lewe wat in Christus geopenbaar is. Soos reeds gesê, het die lewe van God nooit begin nie, en daarom kan dit nooit eindig nie en sal in ewigheid bly. *"…dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie"* (I Joh. 5: 11-12).

Hier moet dit beklemtoon word dat geen mens ooit verlore sal gaan omdat hy gebore is en geleef het in sonde nie. Die sonde kwessie is eens en vir altyd geskik toe Christus sonde gemaak was vir ons, sodat ons deur Hom die geregtigheid van God kon word (Rom. 3: 21-26). Slegs diegene wat nie glo dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het nie, en daardeur al ons sondes en misdade vergewe het en ons as sy eie seuns en dogters ontvang het, sal in hulle sondes sterf (Joh. 8:24).

Ware geloof in Jesus Christus, die HERE en Verlosser, is nie 'n godsdienstige saak nie, maar dit is 'n deel van God se ewige plan vir die mensdom. In Hom alleen was God persoonlik geopenbaar, en slegs deur Hom het die ewige lewe na ons gekom. Daarom is dit absoluut noodsaaklik om te glo in Christus, hulle wie ewige lewe wil ontvang, *"...sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"* (Joh. 3:15). Elkeen wat gedurende sy leeftyd nie geglo het nie, is reeds veroordeel (Mark. 16:16). Diegene wat in die sonde van ongeloof bly, ly die tweede dood – ewige skeiding van God.

Indien u, die leser, met die HERE wil wees vir ewig, moet u nie op u eie manier probeer nie, of deur u eie werke nie, maar erken die magtige werk van verlossing wat vervul is in Christus, en vind so u ewige saligheid en rus in God.

Na afloop van die finale oordeel, kom die nuwe hemel en die nuwe aarde. Almal wat daarin sal woon sal nooit die ou dinge onthou van hierdie lewe nie (Jes. 65:17). Daar sal ‘n nuwe begin, ‘n heerlike oggend wees, waarvan die son nooit weer sal sak nie, sonder siekte, hartseer, pyn of dood. Geseënd is diegene wat vir ewig sal woon in daardie salige Heerlikheid. Op die einde sal dit die moeite werd wees om die HERE te dien in hierdie aardse lewe. Aan diegene wat hierdie heerlike hoop het, sal daar 'n re-unie wees met al die dierbares wat voor ons gegaan het. Hulle sal diegene ontmoet wat die HERE liefgehad en gehoorsaam was, en wat ook mekaar liefgehad het. Onthou, net volmaakte liefde sal daar ingaan.

Die nuwe hemel en die nuwe aarde is aangekondig in die Ou en die Nuwe Testament en sal tot stand kom wanneer tyd tot einde kom, nadat die Duisendjarige Vrederyk en die finale oordeel verby is.

*"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet."*

*************

********

***

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal. Wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd, kan ons gerus kontak by enige van die onder-genoemde kontakpunte.

Ander beskikbare boekies sluit in:

**DIE CHRISTENDOM GISTER EN VANDAG**

**DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK**

**DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS**

**DAAR IS GESKRYWE**

**’N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA**

**’N MAN VAN GOD GESTUUR**

**GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM**

**DIE ANTICHRIS**

Dit is alles gratis bekombaar, en vele ander onderwerpe in Engels, by die ondervermelde plaaslike adres. Van dit kan ook verkry word onder andere in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies en Roemeens, direk by:

Sendeling Ewald Frank
Posbus 100707
D–47707 Krefeld
Duitsland

Webwerf: http://www.freie–volksmission.de
E–pos: volksmission@gmx.de

Ons Plaaslike Kontakpunte: